

## *Editorial Comment / Redaksionele Kommentaar*

**It is my pleasure to announce the accreditation of Health SA Gesondheid.** Due to the commitment and expertise of the members of the editorial board the first application was successful. I wish to thank all authors who sent us articles during our pre-accreditation period. We are counting on your continuous support.

This issue again focuses on dynamic and relevant aspects in health care. Prof. Troskie combines two very important issues in her article, namely ethical decision making in a transcultural context. She emphasises that ethical decision making in a transcultural context should be a collaborative process between the members of the health team, patient and family. Dr Bezuidenhout describes the problem and research design in part one of her article on the nurse manager and labour relations.

Other articles in this issue focus on health care to the patient with HIV/AIDS and the patient with mental illness. The last contribution is from a colleague in Australia.

In the article on Nursing Education at the University of Fort Hare, a solution to a complicated problem, namely guidance of students during clinical practical, is described. In this case study it is demonstrated that a workable solution can be an offset from a crisis situation.

The message is: Find a solution to the problem and do not become part of the problem!

\*\*\*\*\*

**Dit is vir my 'n voorreg om aan te kondig dat Health SA Gesondheid as navorsingstydskrif geakkrediteer is.** Danksy die kundigheid en toegewydhed van die redaksionele komitee was ons eerste aansoek suksesvol. Ek wil graag die outeurs bedank wat tydens ons voor-akreditasie periode gewillig was om hulle hoë gehalte artikels aan Health SA Gesondheid te stuur. Ons vertrou dat ons op u volgehoue ondersteuning kan staatmaak.

Hierdie uitgawe fokus weer eens op die dinamiese en relevante aspekte rondom gesondheidsdienste. Prof. Rosemare Troskie verbind twee belangrike aspekte in haar artikel naamlik etiese besluitneming binne transkulturele konteks. Sy wys daarop dat etiese besluitneming in 'n multi-kulterele konteks in gesamentlike besluitneming tussen pasiënt, familie en lede van die gesondheidspan behoort te wees. Dr. Bezuidenhout beskryf in deel een van die artikel oor die verpleegdiensbestuurder en gesonde arbeidsverhoudinge die probleem en ontwerp van hierdie relevante navorsingsonderwerp.

Verder val die focus van artikels in hierdie uitgawe ook op die gesondheidsorg aan die HIV/AIDS pasiënt en die geestesongesonde pasiënt. Laasgenaamde bydra is afkomstig van Australia.

In die artikel oor verpleegonderwys aan die Universiteit van Fort Hare word 'n oplossing vir 'n belangrike vraagstuk van kliniese begeleiding gebied. Die gevallenstudie beklemtoon dat 'n werkbare oplossing juis as gevolg van 'n krisis ontstaan.

Die boodskap is dus: Moenie deel raak van die probleem nie, los dit op!

**Marie Poggenpoel**

EDITOR/REDAKTEUR

**Annatjie Botes**

ASSISTANTE EDITOR/ASSISTENT REDAKTEUR